Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Teksverse: Efesiërs 2:4-5

Tema: God se liefde dring ons tot dieper liefde!

Hoe sou iemand lyk wat `n kind van God se toorn, God se straf, is? Dalk sou ons sê dat dit iemand soos die Modimolle-monster is, wat ander mans huur om sy eie vrou te verkrag, `n moord op haar te beplan en sy stiefseun dood te maak. Of dalk iemand soos `n skoolhoof wat kinderpornografie versprei en afneem. Of dalk is dit iemand wat `n arme kind só erg verkrag dat sy nie meer kan loop nie.

"Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word..."! Dit is waar ek en jy was, my broer en suster! Ek en jy was – en is – nie sonder Christus `n snars beter af as daardie verkragter, moordenaar of porno-verslaafde nie! Daar was geen verskil tussen ons en hulle nie. Ek en jy sou net soos hulle vir ewigheid in die hel beland het, gepynig deur brandende vuur, alleen, sonder God en sonder hoop.

Maar God! Kon ons maar tog ten volle die wonder van hierdie twee woorde begryp? Ek en jy sou deur God gestraf en gepynig moes word as dit nie was dat God hierdie twee woorde in aksie gesit het nie. Ek en jy was net so dood in die sonde soos enige iemand anders! Ja, ons was en is dalk nie reeksmoordenaars, verkragters en porno-verslaafdes nie, maar net soos hulle, was ons ook sonder Christus in hierdie wêreld; was ons in sonde ontvang en gebore en daarom onder die oordeel en straf van God.

Ja, ons sonde was dalk nie, menslik gesproke, só grusaam en erg soos ander nie, maar was vol sonde. Daar is nie iets soos `n kleiner en groter sonde nie, net soos daar ook nie iets soos `n halwe waarheid en `n halwe leuen is nie. Net só kan mens ook nie minder of meer dood wees nie en wanneer Paulus sê dat ons dood was in die sonde was ons werklik, heeltemal dood! Om sonde te doen is soos om `n teiken mis te skiet. Of ek die teiken met `n halwe sentimeter of met `n meter mis, dit is mis! Daar is geen verskil nie en beide moet gestraf word!

Maar God! Daar waar dit, menslik gesproke, onmoontlik was om ons lief te hê, kom God en doen die onmoontlike. Hy is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief! Ja, daar waar ek en jy in die diepte van ons sonde was, het God ons lief gehad. Barmhartigheid is dieselfde as die Engelse woord *mercy* en dit beteken dat jy nie kry wat jy verdien nie. Juis dit kom wys God vir jou en my! Ons het die ewige dood, die ewige straf, die ewigheid sonder God en sonder hoop verdien, maar juis dit gee God nie aan ons nie!

Maar Hy bewys aan ons ook genade. Genade is dieselfde as die Engelse woord *grace* en dit beteken dat jy iets kry wat jy nie verdien nie. Juis dit kom wys God vir jou en my! Ons het nie Sy liefde verdien nie, ons het dit nie verdien om te lewe nie, ons het dit nie verdien om `n plek saam met Christus in die hemel te hê nie, ons het nie God se vergifnis verdien nie, maar juis dit gee God aan ons!

Genade en barmhartigheid is die twee maniere waarop God se liefde vir ons in Jesus Christus duidelik word. Ons word en is gered deur God se genade en barmhartigheid vir ons, want só word God se liefde in Jesus Christus vir ons duidelik. En dit is alleen wanneer ons verstom staan oor God se

genade en barmhartigheid, want ons kan groei in ons liefde vir God. Dit is alleen wanneer ons besef hóé wonderlik groot God se liefde vir ons is, wat ons kan groei in ons liefde vir Hom.

Daarom dat Paulus eers die gemeente in Efese gewys het op hulle sondige verlede, voordat Hy hulle geloof versterk het deur hulle te wys op God se genade. Ek en jy, my broer en suster, kan nie ons geloof uit ons eie laat groei nie. Ons kan alleen groei in ons verhouding met God as ons elke dag verstom staan oor God se groot liefde vir ons deurdat Hy ons menslik-onvergeefbare sondes in Christus vergewe het, uitgewis het!

God se liefde is só groot dat Hy ons saam met Christus lewend gemaak het. Dit beteken dat ek en jy nie maar net van hierdie sonde en die dood verlos is nie, ons is ook tot `n lewe in oorvloed, `n lewe saam met Christus! God se liefde is só groot en word só duidelik in sy genade dat Hy nie net ons sonde vergewe het nie, maar dat Hy ons lewend gemaak het. God se liefde het `n doel en hierdie doel is dat ons ons lewe kan wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Dit is reg, deurdat God ons in Jesus Christus lewend gemaak het, het Hy ons bestem vir goeie dade! Wat hierdie goeie dade is en hoe hulle lyk is `n preek vir `n ander dag. Ons moet eers weer opnuut verstom staan oor God se liefde vir ons, voordat ons kan groei in ons geloof, voordat ons op `n punt kan kom om iets te wil doen. Dit is eers wanneer ons God se groot liefde besef en leef, wat ons ook sal weet wat om te doen en hoe om te doen.

Daar is geen ander God soos ons God nie, wat aan ons genade en barmhartigheid bewys het toe ons dit nie verdien het nie. “Maar God...” die wonderlikste twee woorde in die heelal. Begryp weer hóé groot God se genade en barmhartigheid oor jou en my is en groei dan in jou liefde vir God, want dit is net God se liefde wat ons dring tot `n dieper liefde vir Hom!

Amen